# REDAKSIONEEL

## Die redaksie:

Die hoofbestuur het op sy jongste vergadering ondergetekende as voorsitter en eindredakteur en *ds. P. W. Bingle* as sekretaris van die redaksie benoem. Die benoeming van die redaksie is verder opgedra aan die dagbestuur.

Met die oog op insameling van kopie en deeglike kontak met die G.T.V.-takke, het die dagbestuur die verskillende takke versoek om een of twee redaksielede uit hulle midde aan te wys. Die bedoeling is baie duidelik. Hierdie redaksielede kan gelewerde referate ter plaatse keur, opvra en versorg. Hulle kan selfs die intekening en belange van ons blad bevorder. Op hierdie wyse meen ons dat die blad nog meer die karakter van 'n verenigingsblad sal kan aanneem. Iemand moet egter die finale verantwoordelikheid neem — en iemand moet hom kan vervang. Tot tyd en wyl die volle redaksie saamgestel is, het *prof. dr. L. Floor* goedgunstig ingewillig om indien nodig vir die eindredakteur in te tree.

By hierdie geleentheid wil die hoofbestuur graag sy opregte dank betuig aan die uittredende redaksie waarvan *dr. K. S. van Wyk de Vries* voorsitter en *ds. H. A. van Dalsen* sekretaris was. Hierdie redaksie het *In die Skriflig* gefloteer en sy vyfde jaargang ingestuur. Die Hoofbestuur vertrou dat die nuwe redaksie net so op die medewerking van almal wat die Gereformeerde teologie lief het, sal kan staatmaak.

## Die jaarvergadering:

Soos besluit is, het die hoofbestuur ook inisiatief geneem om in oorleg met 'n G.T.V.-tak 'n jaarvergadering te belê. In hierdie opsig het die G.T.V. van Johannesburg in die verlede onskatbare diens gelewer met die jaarlikse saamtrek van predikante aldaar.

Die hoofbestuur het as sentrale tema vir vanjaar se saamtrek geneem *Die Gereformeerde prediking en getuienis.* Die gedagte is om daarmee te besin oor ons roeping en taak en die uitvoering daarvan. In hierdie opsig is *prediking* en *getuienis* gekoppel, om daarmee eintlik die kerk as vergadering van belydende gelowiges na vore te laat tree. Die prediking geskied in en vanuit die kerk — maar het die Gereformeerde kerkvolk nog duidelikheid oor sy roeping en taak vandag en môre?

Die G.T.V.-bestuur van Pretoria hoop om die samekoms aan te bied op *Dinsdag 8 Junie* in die konsistorie van *Pretoria-Oos.* Die bestuur hoop dat die referate lewendige bespreking sal uitlok.

*Prof. dr. G. C. P. van der Vyver: Die predikant en sy prediking in verlede en hede.*
*Prof. dr. W. J. de Klerk: Toekoms van die prediking.*
*Prof. dr. D. C. S. van der Merwe: Die roeping vandag tot gerefor-*

*meerde getuienis in woord en geskrif t.o.v. sosiale, politieke en ander terreine.*

Nadere besonderhede is verkrygbaar by *ds. W. J. van der Merwe,* Posbus 18129, Hercules.

## Intekening en intekengeld:

Die dagbestuur is dankbaar dat *ds. T. T. Spoelstra, Posbus 59, Hammanskraal* ingewillig het om die administrasie ten opsigte van intekengeld en adresse op hom te neem. Stuur asseblief dadelik u intekengeld vir 1971. Donasies van kerkrade en goedgesinde instansies hartlik welkom! Laat ons saam bou „In die Skriflig"!

B. Spoelstra.